

Jou besigheid. Ons prioriteit.

*Met Absa se Bedrogbewustheid
kan ek 'n stappie voor bankdienstebedrog bly.*

Beste N G Kerk In Oos Kaapland

Wees op die uitkyk vir skelmstreke!

Jou veiligheid en sekuriteit beteken vir ons baie, en ons doen ons bes om altyd seker te maak dat jy 'n stappie voor bedrieërs en skelms is. Beskerm jouself deur voorbereid te wees op hoe om skelmstreke te hanteer en om nie 'n slagoffer van bedrog te word nie.

Bedrieërs raak meer gesofistikeerd en probeer verskeie metodes om jou as 'n kliënt of besigheid te mislei om geld vir valslik geadverteerde goedere en dienste te betaal, of geld in vals bankrekenings te betaal.

Wees asseblief bewus van die toename in bedrog en skelmstere op Swart Vrydag. Ons raai jou aan om in hierdie tydperk bedag te bly en versigtig te wees.

Hoe die bedreigings hulle voordoen

By bedrog met die verandering van bankbesonderhede, ontvang 'n kliënt of 'n besigheid 'n e-pos, 'n gewysigde faktuur of 'n brief wat hulle van die verandering van 'n verskaffer of kliënt se bankbesonderhede in kennis stel. Die kommunikasie mislei die kliënt om te glo dat hulle 'n betaling in die bedrieglike rekening moet maak.

Bedrieërs kan ook 'n persoonlike of besigheid se e-posrekening kraak en die faktuur heradresseer, die bankbesonderhede op die faktuur verander en die bedrieglike faktuur met die kliënt deel.

By bedrog met vooraf fooie, sal 'n bedrieër vooraf fooie vereis in ruil vir goedere, dienste of belonings wat nie bestaan nie.

By terugbetaling-en-deposito-bedrog, bestel bedrieërs goedere of dienste by 'n individu of besigheid en stem in om 'n betaling te maak in die rekening wat verskaf word. Die bedrieër gaan voort om 'n vals bewys van betaling te stuur om individue te mislei om te glo dat 'n betaling gemaak is.

Waarvoor om op die uitkyk te wees



Rekeninginligtingbesonderhede wat gedeel word, stem nie ooreen met die bankbesonderhede wat gebruik word om betalings aan die verskaffer of kliënt te maak nie.



Bedrieërs kan die verskaffer se e-posadres vervals om hul e-posadres soos dié van die verskaffer te laat lyk.



'n Terugbetaling word van die individu of besigheid vereis voordat die betaling bekragtig is, of die betaling is "foutiewelik" gemaak.



Die kliënt het nie 'n nommer waarby hulle gekontak kan word nie, of jy kan hulle nie in die hande kry nie.



Versoeke kan ware maatskappybriefhoofde hê om die slagoffer van die egtheid van die versoek te oortuig.



Maatskappybriefhoofde of logo's lyk of dit van webwerwe af gekopieer is.



Die kommunikasie klink te goed om waar te wees.

Hoe om te voorkom dat jy 'n slagoffer van bedrog word



Bekragtig die verandering van bankbesonderhede telefonies by die bekende nommer wat gebruik word om die verskaffer te kontak.



Bekragtig die betalingsverrekening op jou internetbankdiensteplatform voordat jy die goedere vrystel, 'n diens lewer of dit terugbetaal.



As jy deur die verskaffer gekontak word, vra om met jou bekende kontakpersoon te praat en moenie instruksies volg van werknemers wat jy nie ken nie.



Stel werknemers wat verantwoordelik is vir die betaling van fakture, in kennis dat hulle fakture moet nagaan vir onreëlmatighede en verdagte fakture na 'n bekende kontakpersoon by die verskaffer of kliënt moet eskaleer.



Voordat betalings aan verskaffers gemaak word, doen 'n aanlyn- en ander verifikasienasporing om die egtheid van die verskaffer te bekragtig.



Voordat betalings aan verskaffers gemaak word, doen 'n aanlyn- en ander verifikasienasporing om die egtheid van die verskaffer te bekragtig.



Vra vir verwysings van vorige projekte wat uitgevoer is en verifieer die maatskappy of individu se besonderhede wat verskaf is.



Kyk vir spel- en grammatikafoute in die kommunikasie.

Dit is belangrik om altyd bedag te bly. As jy 'n slagoffer van bedrog word, kontak die Bedrogblitslyn by 0860 557 557 of meld bedrieglike bedrywighede dadelik op die Absa-bankdienste-app aan.

Ons doen meer sodat jy kan. **Dis Africanacity.**

**Bly veilig. Bly voor.
Die Absa-span**



Bepalings en voorwaardes geld Gemagtigde Finansiële diensverskaffer Geregistreerde Kredietverskaffer
Reg no NCRCP7

E-posvrywaring en maatskappy-inligting: absa.co.za/disclaimer

As jy nie enige bemarkingskorrespondensie wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na unsubscribe@absa.co.za om van die poslys verwyder te word.

NGKERK2568